HEFSIBA NUUSBRIEF VAN KRUGER EN ANTOINETTE
APRIL 2008

Liewe Vriende,

Ons seun Johann laat weet op 'n keer daar uit Turkye dat dit eintlik daar is waar die woorde van die groot veldheer kom: "I came, I saw, I conquered" Wel, ons voel amper so na ons onlangse Blitzkrieg besoek aan Suid-Afrika - ons het gegaan, baie interessante dinge gesien en harte gewen vir ons (en God!)se saak. Ons, dit was nou ek, dii. Manasse e Nobre van HEFSIBA en dii. Samuel en Cezario van die Mphatso sinode, was op 'n "friend raising" toer in Zimbabwe en SA met die oog op die stigting van informele
en formele vennootskappe. Ons het ook van die geleentheid gebruik gemaak om mense in te lig oor die Eeufees vanaf 4 - 6 Julie en uitnodigings links en regs te rig aan gene en dene - maar laat ons toe om julle bietjie meer daarvan te vertel.

VENNOOTSKAPPE IN ZIMBABWE

Die hele Moderatuur van die Reformed Church in Zimbabwe het ons te woord gestaan in hulle pragtige sinodale sentrum in Masvingo. Gedagtes is gewissel oor meer formele kontak met die Igreja Reformada em Mocambique en hulp met leraars en evangeliste onder die Shona sprekendes in die Manica provinsie in Mosambiek. Ons was getref deur die positiewe gees onder die gelowiges daar wat, in die woorde van die inheemse leraar van Morgenster (wat oorspronklik van Mosambiek kom!)"hulle hoop plaas vir 'n beter
Zimbabwe op Christus en nie op enige politieke leier nie". Aangrypend is hulle pogings om vir hulle leraars en werkers te bly betaal t.s.v. die inflasiekoers.

Ons het veral oor akkreditasie by ACTEA gesels met die bestuur en dosente van die Murray Teolgiese Skool op Morgenster. ACTEA is 'n akkreditasie liggaam van teologiese skole in Afrika en het pas hul hoofkantoor na SA verskuif. Ds Henry Murray en sy kollegas, dr Rutoro van Zim en ds Alt Visser van Holland, het ons hartlik ontvang en die pragtige sonsondergang vanaf 'n nabygelee koppie laat beleef.

DIE MPHATSO-HEFSIBA VENNOOTSKAPPE ("MHP")

Ons het daarin geslaag om deel te wees van die proses vir die stigting van 'n noordelike en suidelike Mhpatso-Hefsiba Vennootskap (ook genoem die "MHP" di die "Mphatso-Hefsiba Partnership") In Pretoria is ds Gerhard Kruger van die Centurion Gereformeerde Kerk as Voorsitter gekies, Alf Peters van Vanderbijlpark as die Onder-Voorsitter en Magda Saayman as die sekretaresse. In Tulbagh is Joel Syphus gekies as die Voorsitter en Jannie Smit as die Sekretaris (die O-Voors sal nog gekies word uit die Worcester-Ring) Al hierdie mense kom al 'n lang pad saam met die werk in Mosambiek en ons is baie opgewonde om saam met hulle te werk in die toekoms. Sal julle asb vir hulle bid vir wysheid om die vennootskappe van die grond te kry en te laat groei?

TEOLOGIESE SKOLE VENNOOTSKAPPE

Op ons toer het ons offisieel kontak gemaak met 5 Teologiese Skole.
In SA het ons vrugbare samesprekings gehad met o.a. die Fakulteit van Teologie van die Pretoria Universiteit waar ons ook die Assessor van die Algemene Sinode dr Nellus

Niemand ontmoet het. Daar is gesels oor die uitruil van kennis, boeke en afgestudeerde leraars met doktorsgrade. (Die besoek aan UNISA se museum was vir ons groep besonder interessant - bietjie skokkend was om uit te vind dat pres. Mugabe daar Teologie gestudeer het!)

In Potch is ons formeel ontvang deur prof Dries du Plooy die dekaan van die Gereformeerde Kerk se Teologiese Fakulteit met ander dosente (o.a. prof Francois Viljoen) en administratiewe personeel. Ons kon lekker gesels oor ons voortgesette betrokkenheid by hulle en oor wedersydse verwagtings.

By die Kovsies in Bloemfontein het ons 'n besigtingstoer onderneem saam met prof Tolmie en ds Frikkie van Niekerk - oud-student van HEFSIBA. Dinge het darem verander sedert my en Antoinette se "vry" dae op die kampus in die laat sestiger jare! 'n Hoogtepunt vir ons Mosambiekers was toe ons na 'n Cheeta kamp geneem is en 'n lewende Cheeta se kop kon vryf! (Ek het nie gevryf nie, nie omdat ek bang was nie maar iemand moes tog die fotos neem!)

Ons afgevaardigdes was getref deur die uit-die-hart verwelkomingswoorde van prof Elna Mouton, dekaan van die Teologiese Fakulteit by die Universiteit van Stellenbosch en die meelewendheid van prof Jurgens Hendrikse. Prof Jannie du Preez, die missioloog, wat baie van sy boeke aan ons Biblioteek bemaak het, was ook teenwoordig.

KERK VENNOOTSKAPPE

Een van die historiese hoogtepunte was die vergadering met die moderature van die NG Kerk en die VGK van die Wes-Kaap wat saam met ons kom praat het in Bellville - dit was 'n heerlike en hartelike byeenkoms tussen Gereformeerde familie. Die Mosambiekers het die begeerte uitgespreek om ook nouer ekumeniese betrekkinge te he met die VGK wat opgeneem sal word deur ds Plaatjies en sy groep. Dit was goed om ds. Braam Hanekom, die moderator, van naderby te leer ken en ook aan hom ons feeskleed te oorhandig.
Ons dank gaan veral na dr. Kobus Odendaal en dr Johan Botha uit die Getuienisaksie kantore vir hulle ywer om die ontmoeting moontlik te maak en ook vir hulle belangrike insette.

Dr Kobus Gerber, sekretaris van die Algemene Sinode van die NG Kerk het ons baie vriendelik ontvang in sy ruim kantoor in Pretoria. Dr van der Merwe van die Getuienisaksie kommissie op Algemene Sinodale vlak het ook ingesit met ons samesprekings. (Dankie weereens vir die 'smart' silwer pen, Kobus!)

Die deputate van die Gereformeerde Kerk se ekumene kommissie het daar in Potch onderneem om met hulle Afrika Departement te praat oor nouer ekumeniese bande met die Igreja Reformada em Mocambique (hulle gebruik die term: in korrespondensie gaan met...)

By die eredienste waar ons opgetree het is die rooi tapyte vir ons uitgerol en ek was trots op die spontane, natuurlike wyse waarop ons Afrikaners die swartmense uit midde Afrika ontvang het.

TWEE KEER GEBORE

Ek is die naweek gelei om met die kinders van Vila en HEFSIBA Saterdag, en met die volwassenes van Chimwala vandag (Sondag), te praat oor Joh.3:3 - Jy moet weer gebore word om die Koninkryk van God te sien. Baie kinders en volwassenes het aangedui dat hulle ook in God se familie gebore wil word - bid asb vir hulle. By Chimwala gaan die dinge nie so goed nie - geen Sondagskool nie, trae Jeuggroep en 12 'Prayer houses' sonder werklik geestelike leiers.

PERSONEEL SAKE

1. Net voor ons op toer sou gaan het ons bakkie viervoet gaan staan in Malawi en moes in die nag ingesleep word na Mosambiek. Ons wag nog vir Dirk Smit om 'n diagnose te maak, maar dit lyk asof 'n "top gasket" geblaas het.
2. Ons watersituasie is ook nie na wense nie en ons moes nou vir amper 'n maand water aandra en uit skotteltjies bad... 'n groot verantwoordelikheid rus nou op Dirk Smit om die situasie op te los.
3. In Somerset-Wes is daar deur 'n pynlike proses vasgestel dat my blaaskanker nie weer hervat het nie - ons is die Here baie dankbaar daarvoor. Ek gaan in Julie weer vir 'n ondersoek en moontlik vir 'n regstelling prostaatoperasie.
4. Dirk Smit en sy vrou Marie is by die skrywe van hierdie Nuusbrief reeds in Tete. Marie kom nou haar regmatige plek inneem langs die sy van haar man - bid asb vir haar aanpassing hier.
5. Marilda se bedanking as dosent het 'n fakature laat ontstaan. Bid asb daarvoor. Die Uitvoerende Bestuur van HEFSIBA het Petria Theron gevra om haarself beskikbaar te stel vir die pos en sy worstel nog daarmee. Ds Ian Jannasch daar van Roodepoort en predikant van die Portugese gemeente in Johannesburg stel ook belang in die dosentepos. Hulle albei (en moontlik ander kandidate?) het ons gebede baie nodig.

FIM/EINDE

Vandag, op Vryheidsdag, het ons sendelinge veral vir julle gebid in SA - ons is bekommerd oor die geweld, morele verval en, les bes, die verhoogde brandstof en kospryse in die land. Mag SA almeer waarlik vry raak!

Dit was Augustinus van Hippo wat gese het: "God without us will not - as we without God cannot" Overgeset synde; God gaan nie vernuwend werk as ons nie saamwerk nie - skouer aan die wiel vir Jesus en Sy Koninkryk!

CRISTO ACIMA DE TUDO! CHRISTUS BO ALLES!
Kruger en An2nette

NS As daar mense is wat deurkom vir die Eeufees kan hulle gerus vir ons "toner" saambring vir ons fotostaatmasjiene en drukkers(ons sal die koste dra), asook togas en draagbare tikmasjiene - vir lg is daar 'n groot behoefte by die leraars in die veld. KP

BANKBESONDERHEDE:
HEFSIBA
ABSA Lynnwoodrif Pretoria
Takkode: 333-845
Rek.nr. 14 2015 5464